# WATERVERVOER


Watervervoer word al eeue lank deur mense gebruik om op water te beweeg of om dinge te vervoer.

Dit sluit in mere,
riviere en die see.



# PADVERVOER

Ons gebruik verskillende soorte vervoer om van een plek na 'n ander te beweeg en om goed van een plek na 'n ander te vervoer. Padvervoer behels alle voertuie wat op 'n pad beweeg soos 'n bus, motor, fiets en motorfiets.



# SPOORVERVOER

Spoorweë is bane wat van stukke metaal gemaak is. Dit word spoorlyne genoem. Treine beweeg op hierdie spoorlyne. Hulle dra mense en dinge van een dorp na 'n ander.



# LUGVERVOER

Mense vlieg met groot vliegtuie oor lang afstande na ander stede en lande. Dit is 'n baie vinnige manier van reis. Daar is verskillende tipes lugvervoer: vliegtuie, helikopters, warmlugballonne, sweeftuie en ruimteskepe.

